

Afrikaans

Eerste Addisionele Taal

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Ilse Zietsman

GRAAD

12

KABV

3-in-1



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*

Graad 12 **Afrikaans EAT 3-in-1** KABV

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 12 Afrikaans Eerste Addisionele Taal 3-in-1 studiegids neem jou stapsgewys deur die vier hoofvaardighede vir Afrikaans EAT – Luister & Praat; Lees & Kyk; Skryf & Aanbied; Taalstrukture & -konvensies. Interessante, aktuele en inspirerende voorbeeldtekste word deurgaans voorsien om meer spesifieke vaardighede te ontwikkel. Die logiese uitleg en voorbeelde help met begrip en toeganklikheid van die kurrikuluminhoud.

Sleutelkenmerke:

- Stapsgewyse, hanteerbare benadering
- Breedvoerige Notas oor elk van die 4 vaardighede
- Vrae en Antwoorde (Toets Jou Kennis) oor elk van die 4 vaardighede
- 5 Eksamen vraestelle en -memo's (Taal)

GRAAD

12

KABV

3-in-1

Afrikaans

Eerste Addisionele Taal

Ilse Zietsman

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Stimulerende Notas
- 2 Oefeninge en Antwoorde per Afdeling
- 3 Eksamenvraestelle en -memo's

E-boek
beskikbaar 



INHOUD

Formele Assessering i

DEEL 1: LUISTER EN PRAAT 1

Luister 2

Praat..... 7

 Informele praat 7

 Formele praat 8

DEEL 2: LEES EN KYK 15

Begripstoetse 16

Opsommings 30

Kritiese taalbewustheid, Multi-media en Visuele tekste 33

Letterkunde 37

DEEL 3: SKRYF EN AANBIED 49

Skryf 50

Opstelle as kreatiewe skryfwerk 51

Lang transaksionele tekste 53

Kort transaksionele tekste 66

Woordeskat 73

Assesseringsrubrieke 76

Moontlike opstelonderwerpe 79

DEEL 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES 80

Woordsoorte 81

Sinstrukture 101

Leestekens/Punktuasie 116

Klankleer en Spelling 117

Skryftekens 118

Woordvorming 120

Betekenisleer en Figuurlike Taal 121

Kritiese Taalbewustheid 124

EKSAMENVRAESTELLE EN -MEMO'S 134

	Vraestel	Memo
Vraestel A	134	170
Vraestel B	140	172
Vraestel C (Nas. Vraestel 1 Maart 2015)	145	174
Vraestel D (Nas. Vraestel 1 Nov. 2015)	151	177
Vraestel E (Nas. Vraestel 1 Maart 2016)	157	181
Vraestel F (Nas. Vraestel 1 Nov. 2016)	163	184



OPSOMMINGS

'n Opsomming is 'n kort, feitlike en verkorte weergawe van die hoofidees of -gedagtes van 'n teks.

Die punte word soos volg uitgewerk:

- ▶ 7 punte vir 7 korrekte feite en 3 punte vir taalgebruik.

Wanneer jy 'n teks opsom, **moet** jy:

- ▶ die hoofidee en tema van die teks identifiseer.
- ▶ seker maak dat jy weet wat die hoofidees is en wat die minder belangrike idees is.
- ▶ die hoofidees in jou eie woorde oorskryf.
- ▶ jou sinne in logiese volgorde neerskryf.
- ▶ voegwoorde, waar nodig, gebruik.

Wanneer jy 'n teks opsom, moet jy **nie**:

- ▶ voorbeelde, persoonlike opinies, aanhalings, figuurlike taal, of onnodige inligting in jou opsomming oorskryf nie.

Wenke vir die maak van 'n opsomming

- ▶ Lees eers die vraag en instruksies sodat jy weet wat van jou gevra word. Let op of jy die FEITE/WENKE/INSTRUKSIES/RIGLYNE/MENINGS/VOOR- EN NADELE/HOOFIDEES/HOOFGEDAGTES/ARGUMENTE of REËLS moet opsom. Let op dat jy gewoonlik SEWE PUNTE moet opsom.
- ▶ Kyk of die vraag vra dat jy jou punte moet nommer, of nie.
- ▶ Lees die teks stadig en versigtig.
- ▶ Lees weer die vraag en instruksies.
- ▶ Lees die teks vir 'n tweede keer en onderstreep die punte/feite wat jy moet opsom.

Die teks sal uit ongeveer 250 woorde bestaan en jou opsomming sal 60–70, soms 100, woorde moet wees.

- ▶ Skryf slegs sewe punte neer; jy word gepeenaliseer as jy meer skryf as wat in die vraag gevra word.
- ▶ Jy moet die punte wat jy opsom, in jou eie woorde oorskryf.
- ▶ Elke nuwe punt begin op 'n nuwe reël.
- ▶ Jy moet VOLSINNE gebruik en jy moet al die gewone taadreëls toepas.
- ▶ Maak seker dat jy nie jouself herhaal nie.
- ▶ Tel die aantal woorde wat jy gebruik het en skryf die totaal tussen hakies onderaan die opsomming. Gewoonlik moet jou opsomming 70 woorde lank wees, maar dit kan wissel tussen 70–100 woorde. As jy te veel woorde het, word jy gepeenaliseer.

TOETSOPSOMMING



Gebruik die 'Wenke vir die maak van 'n opsomming' in die vorige kolom en beantwoord die vraag wat volg.

VRAAG

Bestudeer die volgende advertensie en skryf die **VYF HOOFGEDAGTES** oor in jou eie woorde. Die sinne mag nie langer as 12 woorde elk wees nie.

Gebruik die vyf nommers op die advertensie om jou te help. (5 × 2 = 10)



LEKKER VERSKONINGS OM WIMPYLAND PARTYTJIE TE GOOI

WIMPYLAND VERJAARSDAGPARTYTJIE

1 "Vertel net vir die Wimpylanders hulle **ORGANISEER** alles - die uitnodigings ook!"

2 "Jy kry allerhande **PRETTIGE GOED** om aan te trek en in te kleur!"

3 "Jy kan soveel **VRIENDE** dis **GLAD NIE** 'n **PROBLEEM** nie!"

4 "Dit kos net sowat **R12.00** per kind, insluitend 'n verjaarsdagkoek en die jongspanmaaltye is **WATERTANDLEKKER!**"

5 "Jy kan soveel **MORS** as wat jy wil, en die Wimpylanders sal alles skoonmaak!"

"Dis die **BESTE** partytjie onder die son!"







ANTWOORDE

- 1 Die Wimpy organiseer alles, selfs die uitnodigings. (7 woorde)
- 2 Jy kry prettige goed vir aantrek en inkleur. (8 woorde)
- 3 Jy kan so baie vriende nooi as wat jy wil. (10 woorde)
- 4 Dit kos R12.00 per kind en jy kry 'n verjaarsdagkoek en maaltye. (12 woorde)
- 5 Die Wimpy maak alles skoon na die tyd. (8 woorde).

OPSOMMING 1

Lees – 'n Fees van woorde

- 1 Jy mag jousef dalk afvra hoekom lees belangrik is. Kan jy jousef voorstel hoe dit sou wees as jy nie kon lees nie? Lees is belangrik vir die alledaagse lewe – om oor die weg te kom, te kwalifiseer en 'n beroep van jou keuse te beoefen.
- 2 Jy sou nie die basiese dinge wat ons as vanselfsprekend aanvaar, kon doen nie. Jy sou nie kon lees wat op padtekens staan nie. Jy sou sukkel om kos in 'n restaurant te bestel. Jy sou nie kon sms of e-pos nie. Jy sou nie jou gunsteling-tydskrif kon lees nie. Jy sou nie jou skoolvakke kon slaag nie. Jy sou nie inligting op webtuistes op die internet kon ontsyfer nie.
- 3 Lees het nog baie ander voordele soos dat dit jou taalvaardighede verbeter. Daarom leer jy beter kommunikeer. Goeie kommunikasievaardighede is 'n sleutel tot sukses.
- 4 Lees verbreed jou algemene kennis. Jy leer van ander lande, mense en situasies waaraan jy nooit blootgestel sou gewees het as jy nie gelees het nie.
- 5 Lees verbeter jou begrip en lees verbreed jou woordeskat.
- 6 Lees help jou om jousef beter uit te druk. Daardeur kan jy jou selfbeeld verbeter.
- 7 Lees lok die agie in jou uit. Dit beteken lees prikkel jou verbeelding. Dit is 'n belangrike eienskap, want jy leer oorspronklik dink. Dit laat jou slimmer word.
- 8 Die meeste kenners sê: Mense wat lees, het 'n honger na kennis. Hulle dink verstandiger en ontwikkel goeie vaardighede.
- 9 Lees vandag 'n boek en belê in jou toekoms!

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 23 April 2009]

INSTRUKSIES

- ▶ Skryf **SEWE REDES** neer waarom lees so belangrik is.
- ▶ Skryf elke rede in jou eie woorde en in 'n goeie volsin neer.
- ▶ Jy mag **NIE MEER AS EEN SIN** oor **ELKE REDE** skryf nie.
- ▶ Skryf jou sinne puntsgewys en onder mekaar neer.
- ▶ Laat 'n reël oop tussen sinne.
- ▶ Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- ▶ Dui jou aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

OPSOMMING 2

Maak nuwe vriende

- 1 Dis 'n skrikwekkende gedagte – sê nou jy moet by 'n nuwe skool aanpas. Hierdie wenke sal jou makliker nuwe vriendskappe help smee.
- 2 Jy moet selfvertroue hê sonder om opdringerig te wees. Selfvertroue beteken nie jy dink jy's beter as ander nie; dit gaan oor selfrespek en 'n positiewe houding. Jou lyftaal maak dit makliker om met jou te gesels. Glimlag wanneer iemand jou oog vang. Maak oogkontak wanneer jy met ander praat.
- 3 Die gedagte om te nooi, maak jou dalk bang. Jy moet die eerste skuif maak as jy jou vriendekring wil uitbrei. Gesels pouse met kinders en vra hulle om jou maat te wees. As hulle nee sê, vra iemand anders.
- 4 Raak aktief, anders gaan jy nie nuwe vriende ontmoet nie. Hulle gaan nie sommer net hul verskyning maak nie. Sluit by klubs aan. Neem deel aan aktiwiteite.
- 5 Klop die skaamte sodat dit is hoe mense jou leer ken. Moenie bang wees om jou mening te lug nie. Haat jy Franse kos, maar hou van vis en tjips? Sê dit! Groet mense. Hei jy! Probeer om mense se name te onthou. Dit sal hulle gevele laat voel.
- 6 Motiveer jouself as jy senuagtig is om mense te nader. Praat jouself eers moed in – moet dit net nie kliphard doen nie. Lig jou kop op en laat waai. "Haai, ek is Karin. Ek is nuut hier."
- 7 Laastens, vind uit of julle gedeelde belangstellings het. Luister hy na 'n liedjie waarvan jy ook hou? Woon sy naby jou?

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 9 Julie 2009]

INSTRUKSIES

- ▶ Skryf **SEWE WENKE** neer wat jou sal help om in 'n nuwe skool makliker vriende te maak.
- ▶ Skryf elke wenk in jou eie woorde en in 'n goeie volsin neer.
- ▶ Jy mag NIE MEER AS EEN SIN oor ELKE WENK skryf nie.
- ▶ Skryf jou sinne puntsgewys en onder mekaar neer.
- ▶ Laat 'n reël oop tussen sinne.
- ▶ Jou opsomming mag nie langer as 100 woorde wees nie.
- ▶ Dui jou aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

OPSOMMING 3

Hoe kies mens 'n goeie boek?

- 1 Baie jongmense sê hulle hou nie van lees nie. Dikwels is dit omdat hulle nog nie die regte boek gelees het nie. Lees is soos kos – jy moet boeke "proe" voor jy weet waarvan jy hou. Lees hieronder riglyne wat jou 'n goeie boek sal help kies.
- 2 Kies 'n onderwerp waarin jy belangstel. As jy byvoorbeeld in mode belangstel, kan jy boeke oor die geskiedenis van mode-ontwerp of die outobiografie van 'n mode-ontwerper lees. As jy ontvlugting soek of nuwe wêrelde wil verken, lees 'n reisverhaal of fantasieboek.
- 3 Besluit vooraf van watter tipe boek jy hou. Dit kan fiksie, fantasie, drama, humor of spanning wees.
- 4 Baie mense se aandag dwaal af terwyl hulle lees. Dan lees hulle 'n paar bladsye sonder dat hulle weet wat daarop staan. As jy sukkel om die draad van die storie te volg, kan jy 'n boek met prente of 'n sterk spanningslyn kies.
- 5 Kyk na die omslag van die boek. Op die agterblad is gewoonlik paragrawe wat jou oor die inhoud vertel.
- 6 Hou resensies in koerante en tydskrifte en op televisie dop. So kan jy 'n goeie idee kry watter boeke nuut op die rak is.
- 7 As jy van 'n boek gehou het, kan jy in die toekoms jou oë vir boeke deur dieselfde skrywer oophou.
- 8 Die leerders in jou klas kan self boekresensente word en 'n lys van gunsteling-boeke saamstel. So kan jy uit die lys 'n boek kies as jy dink jy sal daarvan hou.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 23 April 2009]

INSTRUKSIES

- ▶ Skryf **SEWE RIGLYNE** neer wat jou sal help om 'n boek te kies.
- ▶ Skryf elke riglyn in jou eie woorde en in 'n goeie volsin neer.
- ▶ Jy mag NIE MEER AS EEN SIN oor ELKE RIGLYN skryf nie.
- ▶ Skryf jou sinne puntsgewys en onder mekaar neer.
- ▶ Laat 'n reël oop tussen sinne.
- ▶ Jou opsomming mag nie langer as 100 woorde wees nie.
- ▶ Dui jou aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

KRITIESE TAALBEWUSTHEID, MULTI-MEDIA EN VISUELE TEKSTE

In hierdie afdeling word kort, visuele tekste soos advertensies en spotprente gebruik. Strokiesprente en diagramme kan ook gebruik word.

By hierdie afdeling moet jy:

- ▶ die teks goed lees en daarna kyk om agter te kom wat die skrywer vir jou as leser wil sê.
- ▶ na al die **inligting** bv. grafieke, illustrasies, kaarte en tabelle kyk en dit lees.
- ▶ kyk watter **manipulerende taal** gebruik word bv. *Pa, ek wil asseblief tog hierdie naweek uitgaan, want hierna is dit eksamen en gaan ek vir ses weke nie weer die kans kry nie.*
- ▶ kyk watter **gevoel/emosie** jy ervaar as jy die teks lees en daarna kyk.
- ▶ die teks **ontleed** en **evalueer**.
- ▶ kyk waar **stereotipering** voorkom bv. *Mans mag nooit huil nie; anders is hul sissies.*
- ▶ kyk waar daar **vooroordeel en partydigheid** is bv. *Jy dink alle blondines is dom; dus is jy bevooroordeel teenoor blondines. Jy dink brunette is slimmer as blondines; dus is jy partydig teenoor brunette.*
- ▶ kyk waar **betekenis geïmpliseer** word; dus moet jy self agterkom wat daar bedoel word, want dit word nie direk beskryf nie bv. *As jy weer in die klas raas, gaan jy later baie jammer daarvoor wees – daar word geïmpliseer dat jy gestraf gaan word.*
- ▶ kyk waar **denotasie en konnotasie** voorkom bv. *Die grasperk is lieflik groen – die kleur van die grasperk word beskryf; dit is denotatief. Hy voel groen (van jaloesie), want sy meisie gee meer aandag aan ander ouens – sy gevoel word beskryf; dit is konnotatief.*
- ▶ kyk waar **inligting uitgelaat** is om op so 'n manier 'n boodskap oor te dra.
- ▶ kyk watter **inligting spesifiek gekies** is om op so 'n manier 'n boodskap oor te dra.
- ▶ agterkom wat die **skrywer se standpunt** is.
- ▶ kyk hoe **effektief** die **boodskap** is.

KRITIESE TAALBEWUSTHEID 1 SPOTPRENT 1



VRAE

- 1.1 Watter tyd van die jaar, dink jy, vind hierdie situasie plaas?
- 1.2 1.2.1 Skryf een woord neer wat die **gesigsuitdrukking** van die seun beskryf.
1.2.2 Skryf 'n rede neer waarom jy dink die seun so voel.
- 1.3 1.3.1 Beskryf wat die pa in die spotprent doen.
1.3.2 Motiveer waarom jy dink die pa so optree.
- 1.4 1.4.1 Beskryf die **liggaamstaal** van die ma.
1.4.2 Hoe weet jy dat dit die figuur van die ma is?
1.4.3 Motiveer waarom jy dink die ma so reageer.
- 1.5 1.5.1 Wat doen die seun terwyl hy loop?
1.5.2 Waarom, dink jy, doen hy dit?
- 1.6 Dink jy dis 'n goeie idee dat die fiets op die grasperk lê? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.
- 1.7 Die kat en die hond wat agter die bossies by die hekkie uitloer, voel net soos die seuntjie. Is hierdie stelling waar of onwaar? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

KRITIESE TAALBEWUSTHEID 2
SPOTPRENT 2




[Uit Die Burger, 12 November 2008]

VRAE

- 2.1 In watter vak was daar 'n fout op die vraestel?
- 2.2 Gee 'n sinoniem vir 'onnies'.
- 2.3 Verduidelik wat die woord 'somme' beteken.
- 2.4 Op die eksamenrooster in die seun se hand is daar leë blokkies en blokkies waarin iets geskryf is. Wat gebeur op die dae waar daar leë blokkies is?
- 2.5 Wat steek by die seun se skoolsak uit?
- 2.6 Dink jy die seun se skoolklere is netjies? Motiveer jou antwoord.
- 2.7 Beskryf die seun se gesigsuitdrukking.
- 2.8 Die seun doen goed in Wiskunde op skool. Is hierdie stelling waar of onwaar? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

- 2.9 Watter **emosie**, dink jy, ervaar die pa?
- 2.10 Beskryf die pa se **gesigsuitdrukking**.
- 2.11 Skryf een sin neer wat 'n slegte gewoonte van die pa beskryf.
- 2.12 Beskryf die hond se **liggaamstaal**.
- 2.13 Verwys na die **opskrif en die kommentaar** aan die onderkant in die linkerkantse hoek. Verduidelik nou in jou eie woorde hoekom daar meer vrae as antwoorde is.

KRITIESE TAALBEWUSTHEID 3
SPOTPRENT 3



[Uit www.madmagazine.com/tags/al-jaffee, Herwin 8 September 2017]

VRAE

- 3.1 Omtrent watter tyd van die dag is dit?
- 3.2 Beskryf die **optrede/gedrag** van die skoolkinders wat by die skool uitstap.
- 3.3 Verskaf twee **redes** waarom die kinders so reageer.
- 3.4 Beskryf die **optrede** van die skoolkinders wat voor die hospitaal verbystap.
- 3.5 Verskaf twee moontlike **redes** waarom die kinders juis voor die hospitaal so reageer.

- 3.6 Beskryf nou die **optrede** van die kinders wat reeds verby die hospitaal gestap het.
- 3.7 Verskaf twee moontlike **redes** vir hul optrede.
- 3.8 Dink jy die verkeerspolisieman is effektief in sy werk? Motiveer jou antwoord deur 'n rede te verskaf.
- 3.9 Dink jy die kennisgewingbord by die hospitaal is effektief? Motiveer jou antwoord.

KRITIESE TAALBEWUSTHEID 4 STROKIESPRENT 1



[Uit *Die Burger*, datum onbekend]

VRAE

- 4.1 Verduidelik in jou eie woorde hoe die eerste karaktertjie voel.
- 4.2 Wat is die raad wat in Raampie 2 gegee word?
- 4.3 Verskaf 'n sinoniem vir 'tablet' soos wat dit in Raampie 2 gebruik word.
- 4.4 Dink jy die karaktertjie in Raampie 2 gee om vir haar maat? Motiveer jou antwoord.
- 4.5 Verduidelik volledig die misverstand wat in Raampie 3 ontstaan.



KRITIESE TAALBEWUSTHEID 5 STROKIESPRENT 2



[Uit *www.huisgenoot.com*, 27 Mei 2010]

VRAE

- 5.1 Beskryf die **liggaamstaal** van die ma in Raampie 1.
- 5.2 Beskryf die **gesigsuitdrukking** van die skoolseun in Raampie 1.
- 5.3 Noem twee dinge wat deel van die pa se oggendritueel is.
- 5.4 Is die pa besig om na die gesprek te luister? Verskaf twee redes om jou antwoord te motiveer.
- 5.5 Verduidelik waarom die pa van mening is dat die seun **NIE oral** na sy skoolboek gesoek het nie.

KRITIESE TAALBEWUSTHEID 6 STROKIESPRENT 3

VRAE

Bestudeer die strokiesprent van Jorik en Jakkals op die volgende bladsy en beantwoord die onderstaande vrae.


- 6.1 Verduidelik wie is Jorik en wie is Jakkals in hierdie strokiesprent.
- 6.2 Wie is Jorik se maatjie se held in sy lewe?
- 6.3 Skryf een aanhaling neer wat motiveer hoekom die seuntjie dink die spesifieke persoon is sy held.
- 6.4 Noem drie feite wat Jorik daardie dag by die skool geleer het. Skryf die feite in drie aparte volsinne neer.

- 6.5 Jakkals glo alles wat Jorik vertel. Is hierdie stelling waar of onwaar? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.
- 6.6 Na watter webwerf gaan Jorik kyk?
- 6.7 Vul die ontbrekende woorde in:
Jorik gaan sit by sy 6.7.1 _____ en kyk op sy 6.7.2 _____ terwyl sy 6.7.3 _____ langs sy regterhand lê.
- 6.8 Skryf in jou eie woorde neer wat die volgende dag by die skool gebeur.



[Uit Rapport, datum onbekend]

KRITIESE TAALBEWUSTHEID 7
STROKIESPRENT 4 - PLAKKAAT



[Uit De Kat, datum onbekend]

VRAE

- 7.1 Verduidelik wat jy onder die term 'kombuistaal' verstaan.
- 7.2 Waarom lyk dit of die woord **Afrikaans** aan die brand is?
- 7.3 Beskryf die **gesigsuitdrukking** van die vrou op die plakkaat.
- 7.4 Beskryf die **liggaamstaal** van die vrou op die plakkaat.
- 7.5 Beskryf die **gesigsuitdrukking** van die man wat by die blikkie uitgeklim het.
- 7.6 Vul die ontbrekende woorde in:
Die man wat uit die blikkie kom, lyk soos 'n 7.6.1 _____, veral omdat daar twee 7.6.2 _____ op sy kop is. Sy 7.6.3 _____ is op sy sye en sy 7.6.4 _____ is lank. Op die tafel, naaste aan die blikkie, lê 'n 7.6.5 _____ en langsaan is 'n 7.6.6 _____.

LETTERKUNDE

JOU LETTERKUNDEVRAESTEL

Jou letterkundevraestel tel 70 punte van jou finale eksamen.

Jy beantwoord **TWEE** uit vier afdelings: roman/drama/kortverhale (kontekstuele vrae)/poësie (kontekstuele vrae oor **twee gesiene** gedigte). **Jy kies dus die twee genres wat jou skool gekies het om te behandel.** Elke afdeling tel 35 punte. Kyk vooraf na 'n ou vraestel sodat jy mooi kan sien hoe die uitleg lyk en hoe die afdelings wat jy moet beantwoord naastenby lyk.

Bv. As jou skool kortverhale en gedigte behandel het, beantwoord jy net die vrae oor kortverhale en gedigte.

Die afdeling oor die roman en drama bevat elkeen twee teksgedeeltes.

Die afdeling oor die kortverhale bevat twee teksgedeeltes uit twee verskillende kortverhale en die afdeling oor poësie bevat twee gedigte.

Lees baie versigtig sodat jy nie vrae uitlaat nie.

DIE KONTEKSTUELE VRAAG

By die kontekstuele vraag word 'n deel van die teks gegee. Jy sal vrae kry wat op hierdie teksgedeelte gebaseer is EN vrae oor wat in die res van die roman/drama/kortverhaal gebeur.

By die kontekstuele vrae oor gedigte word die **gedig altyd gegee.**

Beantwoord kontekstuele vrae in volsinne behalwe as jy gevra word om net een woord of 'n aanhaling te gee.



ALGEMENE WOORDESKAT WAT JOU MET JOU LETTERKUNDEVRAESTEL (EN BEGRIPSTOETSE) SAL HELP

aan die woord (*who is speaking/talking*) – dit verwys na die spreker

aanhaal/aanhaling (*quote*) – as jy iets uit die teks (gedig/kortverhaal/roman/begripstoets) direk oorskryf; aanhalingstekens word gebruik

afdeling (*section*)

aflei/afgeleide betekenis (*deduced meaning*) – om die betekenis van 'n woord of idee af te lei uit dit wat geïmpliseer word; 'n nuwe begrip word gevorm; jy lees wat “tussen die reëls” staan

agtergrond (*background*) – die agtergrond van 'n roman/kortverhaal gee vir jou inligting oor die tyd en plek wat alles afspeel

alliterasie (*alliteration*) – herhaling van dieselfde beginletters (medeklinkers/konsonante) in 'n woord bv. “En my **h**art se **h**oeke **d**arin **u**itgewas” (Theo de Jager, Kontak)

antiklimaks (*anticlimax*) – die teenoorgestelde van klimaks; as iets onverwags verkeerd loop, as iets lyk of dit belangrik is en dan is dit later nie belangrik nie

antitese (*antithesis*) – as twee gedagtes wat 'n teenstelling (in kontras) is, saam gebruik word bv. *wit duisternis* (D.J. Opperman, *Stad in die Mis*)

assonansie (*assonance*) – herhaling van klinkers of vokale in twee of meer woorde, bv. “Maar die kaart was gek**rap**, die **b**atterye **p**ap” en “Maar my pen was te **krom**, my vingers te **dom**” (Theo de Jager, Kontak)

So onthou jy die verskil tussen alliterasie en assonansie

In die woord **assonansie** is al die letters 'klein' – dit word slegs in die helfte van die reël geskryf. Dus is assonansie die herhaling van klinkers, want al die klinkers is 'klein'.

In die woord **alliterasie** is van die letters 'langer' bv. die letter 'l' is langer en word oor die hele reël geskryf. Dus is alliterasie die herhaling van konsonante/medeklinkers, want sommige konsonante is 'langer'.



atmosfeer (*atmosphere*) – die gevoel wat daar is

agtereenvolgend (sien ook **opeenvolgend**) (*consecutive*) – as jy woorde wat langs mekaar staan, moet neerskryf as jy aanhaal

bedoel (*mean/intent*)

beeld (*image*) – 'n prent of iets wat jy visueel kan sien

beeldspraak (*figures of speech*) – figuurlike taal bv. vergelykings, metafore, personifikasie

beklemtoning (*emphasis*) – die klem word op iets gelê, iets word benadruk (*emphasise*)

benoem (*name*) – gee die name van persone, plekke ens.

beskryf/beskrywing (*describe/description*) – skryf neer hoe iets lyk/gebeur ens.

beteken/betekenis (*mean/meaning*)

bewys (*prove/proof*) – as jy 'n rede of aanhaling moet gee, om te wys dat iets waar is

boodskap (*message*) – dit is wat die skrywer/digter vir die leser probeer sê

dieselfde (sien ook **ooreenkoms**) (*similar/the same*)

digter (*poet*)

dubbelsinnigheid (*ambiguity*) – as 'n uitdrukking of woord twee betekenisse (of meer) het; jy kan die woorde of sinne op meer as een manier gebruik

dui aan (*indicate*)

eienskap (sien ook **kenmerk**) (*characteristic*) – dinge wat tipies van die persoon is

eksplisiet (teenoor implisiet) (*explicit*) – die betekenis is duidelik of direk

enjambement (*enjambment*) – as daar aan die einde van versreëls in 'n gedig geen leestekens (*punctuation*) is nie; die een versreël vloei oor in die ander versreël

ervaar/ervaring (*experience – verb & noun*)

evalueer (*evaluate*) – om 'n opinie oor 'n teks te vorm



eufemisme (*euphemism*) – as jy iets op 'n sagter manier sê omdat jy nie iemand se gevoelens wil seermaak nie bv. lang vingers hê (steel)

feit (*fact*) – iets wat waar is en wat bewys kan word

figuurlike taal (teenoor letterlike taal) (*figurative language*) – as woorde en frases gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik soos metafore, vergelykings, personifikasie

fisiese voorkoms (*physical appearance*)

fout/foutief (sien ook **verkeerd**) (*mistake/incorrect*) – let op of jy gevra word om die antwoord wat nie reg is nie, te kies

gebaar (*gesture*) – as iemand se gesig of liggaam/lyf op 'n sekere manier beweeg en die beweging beteken iets bv. as iemand hul hand waai, weet jy hulle sê totsiens; as iemand se kop op en af knik, weet jy die persoon sê ja



gebeurtenis (*happen(ing)*)

gedig (*poem*)

geïmpliseerde betekenis (*implied meaning*) – jy weet nie dadelik wat die betekenis is nie; jy moet aflei of agterkom waaroor dit gaan en wat bedoel word

genre (*type/genre*) – 'n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman

gepastheid (*appropriateness/suitability*) – taal moet gepas wees vir die konteks waarin dit gebruik word

gesprek (*conversation*)

gevoelstaal (emotiewe taal) (*emotive language*) – taal en styl wat persoonlik is en persoonlike gevoelens deel

gevolg(trekking) (sien ook **oorsaak**) (*result, consequence, conclusion*) – die resultaat van iets wat gebeur het

herhaal/herhaling (*repeat/repetition*) – as dieselfde idee/woord/versreël/gedagte meer as een keer genoem word; gewoonlik word herhaling vir beklemtoning gebruik

hiperbool (*hyperbole*) – 'n stylfiguur waarin jy baie oordryf (*exaggerate*) bv. Hulle het ons 'n berg koek gegee om te eet

hoe (*how*)

As jy deurmekaar raak met **hoe** en **wie**, onthou dit so:

hoe = **how** **wie** = **who**

En: **hoekom/waarom** = **how come/why**



hoofgedagte (*main idea*) – dit is die belangrikste idee wat oorgedra word

houding (*attitude*) – jou gedrag, hoe jy optree

humoristies (*humorous*) – snaaks

identifiseer (*identify*) – noem die persoon/plek/motivering

illustreer (*illustrate*) – verduidelik of beskryf wat gevra word

implisiet (teenoor eksplisiet) (*implicit*) – dit word nie direk in 'n teks gesê nie, maar jy kan aflei wat bedoel word

inlig(ting) (*inform/information*) – om informasie te gee

intrige (*intrigue*) – alles wat in die verhaal van begin tot einde gebeur of alles wat die hele storie uitmaak

inversie (*inversion*) – as die gewone, logiese woordorde nie in gedigte gebruik word nie

ironie (*irony*) – woordgebruik wat die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel

karaktters (*characters*) – die mense in 'n roman/kortverhaal wat deel van die storie uitmaak

kenmerk (sien ook **eienskap**) (*characteristic*) – dinge wat tipies van die persoon is

kies/keuse (*choose/choice*) – jy moet die regte antwoord kies
bv. veelkeusevrae (*multiple choice questions*)

klanknabootsing (ook **onomatopee**) (*onomatopoeia*) – woorde wat klanke namaak bv. miaau, kadoemps

klem (*emphasis*) – om te beklemtoon; dit word in woorde en sinne gebruik

klimaks (ook **hoogtepunt**) (*climax*) – die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie; die klimaks is nie altyd aan die einde van die verhaal nie

koeplet (*couplet*) – 'n strofe in 'n gedig wat net twee versreëls wat rym het

konflik (*conflict*) – die stryd tussen karaktters of individue of groepe en wat met hulle gebeur

konnotasie (*connotation*) – wat gesuggereer (*suggest*) word deur 'n woord of ding; dit word nie direk gesê nie

konteks (*context*) – die konteks van 'n teks verwys na al die detail van die situasie in die teks

kontras (ook **antifese**, **teenstelling**) (*contrast*) – twee dinge wat teenoorgesteld is

kortverhaal (*short story*)

kwatryn (*quatrain*) – 'n strofe in 'n gedig met vier versreëls wat rym

leesstuk (*text/section to read*)

leestekens (*punctuation*) – bv. kommas, punte, kommapunte, vraagtekens ens.

letterlik (teenoor figuurlik) (*literally*) – die direkte of gewone betekenis van woorde

lewensles (*moral of the story/life's lesson*) – wat jy uit die teks kan leer

lys (*list*)

manipulerende taal (*manipulative language*) – taal wat iemand probeer beïnvloed

mening (sien ook **opinie**) (*opinion*) – wat die skrywer/digter/karakter oor iets dink of voel

metafoor (*metaphor*) – gebruik een ding om 'n ander ding met soortgelyke (*similar*) eienskappe te beskryf sonder om die woord 'soos' te gebruik

nadeel (sien ook **voordeel**) (*not a pro, but a con*)

noem (*to name or provide a list*) – skryf die name of 'n lys van dinge neer

oksimoron (*oxymoron*) – twee teenoorgestelde begrippe word met mekaar verbind, bv. ou nuus; gewoonlik vir beklemtoning

omstandighede (*circumstances*)

onderhoud (*interview*) – 'n **gesprek** (*conversation*) tussen twee mense om inligting te verkry



onderskei (*differentiate*) – bespreek die verskille (*differences*) tussen twee, of meer, dinge

onderskrif (*caption*) – 'n titel of kommentaar saam met 'n artikel, prent, foto, ens.

ontbrekende woord(e) (*missing word(s)*) – waar die woorde uitgelaat is, moet jy dit invul

ooreenkoms (sien ook **dieselfde**) (*similarity*)

oorsaak (sien ook **gevolg**) (*cause*) – die rede waarom iets gebeur

oortuiging (*belief*) – waarin die skrywer/digter/karakter glo (*believe*)

opeenvolgend (sien ook **agtereenvolgend**) (*consecutive*) – as jy woorde wat langs mekaar staan, moet neerskryf as jy aanhaal

opinie (sien ook **mening**) (*opinion*) – wat die skrywer/digter/karakter oor iets dink of voel

oplossing (*solution*)

opskrif (*heading*)

optrede (*actions*) – dit is wat die persoon/karakter doen

paradoks (*paradox*) – iets wat lyk of dit **teenstrydig** (*contradictory*) is

parafrase (*paraphrase*) – as jy 'n idee in jou eie woorde oorskryf

pas (*fit*) – let op of jy gevra word om die antwoord wat **nie pas nie**, te kies

personifikasie (*personification*) – beeldspraak waardeur menslike eienskappe en aksies gebruik word om lewelose dinge, diere of plante te beskryf, bv. "die sterre met hul wit ligte het geknipoo" en "die maan met sy geel lyfie" en die maan "met sy boepens in die lug" (Ingrid Jonker, *Kabouterliefde*)

perspektief (*perspective*) – 'n karakter/verteller se standpunt/siening oor dinge

postuur (*posture*) – die manier waarop 'n mens staan of beweeg terwyl jy praat

reageer/reaksie (*react/reaction*)



Onthou dit so: **reageer = react** **reaksie – reaction**



rede (*reason*) – as jy iets moet motiveer, moet jy 'n rede gee waarom dit gebeur het of waarom dit waar/onwaar is

refrein (*refrain*) – as 'n versreël, woord of uitdrukking in 'n gedig herhaal word

retoriese vraag (*rhetorical question*) – 'n vraag wat gevra word, maar 'n antwoord word nie verwag nie of almal weet wat die antwoord is

ritme (*rhythm*) – gedigte het soms 'n vinnige of stadige ritme wat deel van die boodskap oordra bv. 'n vinnige ritme kan 'n gelukkige gevoel oordra

roman (*novel*)

rym (*rhyme*) – wanneer dieselfde klank in die laaste lettergreep of woord in versreëls gebruik word

rymskema (*rhyme scheme*) – die rympatroon in 'n gedig

paarrym (die 2 bogies is 2 paartjies (*couples*)) = aabb

kruisrym (die 2 bogies kruis mekaar) = abab

omarmde rym (1 bogie strek bo-oor die ander bogie) = abba

gebroke rym (daar is nie 2 bogies nie omdat die rym 'gebreek' is) = abcb

saamstem/stem saam (*agree*)

sarkasme (*sarcasm*) – as iets gesê word om iemand anders seer te maak, met die persoon te spot of om te skok



satire (*satire*) – iets wat spot (*mock*) met die lewe; daar word met iets gespot wat in die regte lewe gebeur

simbool (*symbol*) – 'n teken/voorwerp wat 'n ander saak verteenwoordig

sinoniem (teenoor antoniem) (*synonym*) – 'n woord wat min of meer dieselfde betekenis as 'n ander woord het

skrywer (*author*) – die persoon wat die kortverhaal/drama/roman geskryf het

slotstrofe (*the last stanza*)

sonnet (*sonnet*) – 'n gedig met 14 versreëls wat op 'n spesifieke manier rym

spanning (*suspense*) – as jy nie weet wat volgende gaan gebeur nie, word spanning **geskep** (*create*)



spreker (*speaker*) – die persoon wat die woorde sê

stelling (*statement*) – 'n sin wat waar is of as waar bewys moet word

stemming (*atmosphere/mood*) – atmosfeer of emosie in teks

stereotype (*stereotype*) – as jy aan 'n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester) op 'n sekere manier dink

strofe (*stanza*) – die 'paragraaf' in 'n gedig

stylfigure (ook **styleer**) (*figures of speech*) – as woorde nie in hulle normale of letterlike betekenis gebruik word nie; voorbeelde is oksimoron, metonimia, klanknabootsing, hiperbool, kontras, ironie, satire, humor, sarkasme, antiklimaks, klimaks, simboliek, eufemisme, paradoks, sinekdogee, sinestesia, antitese, elisie, woordspeling

teenoorgestelde (*opposite*)

teikengroep (*target group*) – die spesifieke groep waarop die teks/iets gemik is

teks (*text*) – enige (geskrewe, gesproke of visuele) vorm van kommunikasie

tema (*theme*) – die sentrale idee of idees in 'n teks; 'n teks kan meer as een tema hê

titel (*title*) – die naam van die boek of kortverhaal wat jy lees

tersine (*tercet*) – 'n strofe in 'n gedig wat drie versreëls wat rym het

toon (*tone*) – die toon van 'n persoon se stem of die woorde van 'n teks dra 'n sekere gevoel oor

veelkeusevrae (*multiple choice questions*)

verander(ing) (*change – verb & noun*)

verbeel(ding) (*imagine/imagination*)

verduidelik (*explain*) – skryf neer hoe of waarom iets gebeur het

vergelyk (*compare*) (verwys ook na **kontras**) – as jy twee dinge vergelyk, kyk jy hoe die dinge dieselfde is of verskil

vergelyk(ing) (*compare/comparison*) – twee dinge word vergelyk om die **ooreenkoms** (*similarity*) of **verskil** (*difference*) te vergelyk; die woord 'soos' word amper altyd gebruik; somtyds word 'net', 'nes' of 'as' gebruik

verhaal (*story*) – die storie wat vertel word; 'n gedig kan ook 'n storie vertel

verhouding (*relationship*)

verkeerd (sien ook **fout/foutief**) (*incorrect*) – let op of jy gevra word om die antwoord wat nie reg is nie, te kies

vermaak (*entertain/entertainment*) – jy word vermaak as jy iets geniet (*enjoy*)

verskil (*differ/difference*) – nie dieselfde nie

versoek (*request*)

versreëls (*lines in a poem*); soms word daar net na **reëls** verwys

verteller (*narrator*) – die persoon wat die storie vertel

vertellersperspektief (*narrator's perspective*) – dit is hoe die verteller na iets kyk; eerstepersoonsverteller of derdepersoonsverteller word baie gebruik

vervang (*replace*) – as jy 'n woord/frase/sin/beeld in die plek van 'n ander een moet skryf

verwys (*refer to*) – as jy na iets verwys, noem jy dit in jou antwoord

visuele voorstellings (*graphics*) – boodskappe waarna jy kyk (bv. foto's, spotprente, tekeninge)

volsin (*full sentence*)

voltooi (*complete*) – jy moet die sin of uitdrukking klaarmaak; jy moet **ontbrekende woorde** (*missing words*) invul

voorbeeld (*example*)

voordeel (sien ook **nadeel**) (*not a con, but a pro*)

voorkoms (*appearance*) – hoe die persoon/karakter lyk, is hul **fisiese** (*physical*) voorkoms

vooroordeel (*prejudice*) – vooropgestelde idees oor 'n individu, groep, idee of saak

vrye vers (*free verse*) – as die versreëls in 'n gedig nie rym nie

waar of onwaar (*true or false*) OF **waar** (*where*)

wanneer (*when*)

watter (*which*)

woordspeling (*pun, play on words*) – as jy woorde spesifiek gebruik omdat die woorde verskillende betekenis het

